

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 140 13 Julie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Wat ons het ...

Die klein kerkie is in die middel van niks en nêrens. Dit is in hierdie geboutjie wat daar Nagmaal gehou gaan word. Die naaste dorpie is meer as 50 kilometer verder. Die mense gaan wyd moet ry in die droë Karoo om daar uit te kom. Sommiges gaan selfs verder as 200 kilometer moet reis. In die verte is die verlate restant van 'n sterrewag sigbaar. Die keuse vir 'n finale sterrewag was tussen Sutherland en hierdie wolkelose verlatenheid. Dit was te ver om alles en almal by hierdie plek te laat staanmaak, toe kies hulle maar vir Sutherland. Selfs die plek se naam lyk asof dit ver van alles is; Seekoegat, in die Karoo.

Meer as net die seekoeie en hulle "i" is weg. Daar is nie elektrisiteit nie, so daar is geen klanksisteem, orrel, of ligte nie. Jy moet ver verby hierdie plek reis om moderne fasiliteite te gebruik, hier waar tyd stilgestaan het.

Tog is daar baie om raak te sien en om voor dankbaar te wees. Die kerkgebou is 'n solied-geboude nasionale gedenkwaardigheid. Die banke in die gebou is stewig en die kansel staan daar waar hy hoort. Langs die kerkie is daar 'n sink-saal

meer as 'n honderd jaar later steeds in gebruik. Na alle kante is die pragtige natuurskoon op vertoon vir elkeen wat die moeite wil doen om net nader te kyk.

Dit is met gemengde gevoelens dat 'n Afrikaner-oog die trap-orrel (geskenk deur Cecil John Rhodes) bewonder. Die soliede Nagmaalbeker en die ander Nagmaalserviese slaan terug op 'n tyd wat net in stowwerige boeke gevind kan word - dit hoort in 'n museum, en tog word dit steeds gebruik. Op die bottel staan daar duidelik; "Nagmaalwyn".

Die mense daag op. Elkeen tog so dankbaar om daar te wees. Die samesyn is onverbeterlik. Die gemeenskaplikheid van gelowiges klink op uit die sang van die gemeente. Die Nagmaal word met stille gewydheid gedeel. So met die preek saam, kan die predikant se oë uitkyk oor die skone ewigheid van die natuur daar buite terwyl elkeen daarbinne verseker word van die ewigheid wat God aan ons toegesê het.

Na die Nagmaal is dit tyd vir saam aansit en heerlik smul aan smaaklike boere-kos. Goed voorberei, goed gaargemaak en met liefde opgedis. Die ontspanne samesyn skep die indruk dat hierdie 'n hegte huisgesin is, dit

terwyl daar voor die diens gegroet is met "aangename kennis". So lyk dit daar in die Kaap, daar waar ons hoop om 'n Tuinroete gemeente op die been te bring. Gaan vra jy die mense na hulle ervaring, is die oorheersende reaksie een van dankbaarheid. Geesgenote in die geloof is skaars en wyd verspreid. Jy koester elkeen wat met dieselfde erns glo en dien. Jy koester elke oomblik van aanbidding saam met mense wat net soveel moeite soos jy moes doen om die geleentheid by te woon. Jy besef die waarde van ons behoudende teologie.

Is ons nog so koesterend ten opsigte van ons kerk en ons geloof? Hoe ver is ons bereid om te reis om suiwer Evangelieverkondiging te hoor. Gaan ons moeite doen om elke geleentheid by te woon, om by elke Nagmaaltafel aan te sit? Ons het elektrisiteit en daarom beligting, klankstelsels, orrels, data projektors. Ons het instrumente wat dit moontlik maak om eredienste en preke op te neem en ons het die internet en laserskywe om dit te versprei. Met behulp van nuwe tegnologie kan 'n leesdiens voorgelees deur 'n ouderling nou omskep word na 'n geleentheid om 'n opname van 'n preek deur die predikant self te sien en te hoor. Het ons nie *blasé* geraak oor dit wat ons het nie?

Die dankbaarheid wat gestraal het uit elke persoon daar teenwoordig, het dit duidelik gemaak dat die GHG 'n kosbare nalatenskap het om te handhaaf. Ons tradisies kom uit daardie tyd toe die Voortrekkers tevrede was met die minimum geriewe. Ons het soveel "dinge" wat ons lewens vergemaklik. Ons het die mooiste en die nuutste banke en matte en kelkies. Ja, ons het baie "dinge".

Dit is egter nie hierdie "dinge" wat ons het, wat ons aan mekaar bind nie. Ons word deur geloof aan mekaar gebind. Ons moet elke geleentheid tot gelowige saamwees aangryp. Nie alles wat ons het, is kosbaar nie, maar die kosbaarheid wat ons het, moet ons koester.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Die Agenda sal eersdaags aan u uitgestuur word. Die Bond se dames kom op 3 September 2018 byeen. Korrespondensie in die verband sal eersdaags uitgestuur word.

UITNODIGING NA BONDS DAMES-BYEENKOMS, PIETERSBURG 2018

U word hartlik uitgenooi na die volgende Bondsdamesbyeenkoms wat DV plaasvind te gemeente Pietersburg op 3 September 2018. Hier gaan ons deel wat in ons gemeentes en in ons lewens gebeur en mekaar gaan ons mekaar kan hoor en ondersteun. Ons sien uit daarna om elke gemeente se dames hier verteenwoordig te hê. Skakel gerus met Phyllis Roux by 083 307 7539.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSbroOD 2019-2020

Daar word ywerig geskryf aan die dagstukkies vir ons volgende Lewensbrood. Die instuurdatum is om die draai. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Op ons beurt - ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd ingeruim het om te skryf.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831


auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



Die Memorandum van die Volksraad bevat 'n bondige uiteensetting van ons volksgeskiedenis vanaf 1652 tot en met 2016; o.a.:

- Die wettige wyses waarop ons grond verkry is
- Kaarte van 13 voormalige Boere-Republieke
- Die feite rakende Britse onderdrukking
- Uitgawes op Swartes en verdere statistiek tydens Apartheid
- Die feite en statistiek rakende ons onderdrukking onder die ANC

Bestel vandag jou kopie by Chantal: tel. 079 740 7214 of
chantal.kruger@vvk.co.za